dat die hooftakke van 'n boom of groep bome almal opwaarts groei en eindig in fyner takke wat bedek word met een of meer sambrele. In die Pierneefstyl hang die fyn takke sywaarts om die tipiese sambreel te vorm terwyl dit nie gewoonlik by die besemstyl die geval is nie. Enige Akasia wat geskik is vir bonsai leen homself vir die Pierneefstyl, maar vir 'n meer verouderde en ruwe voorkoms is die *A. galpinii* (Apiesdoring), *A. burkei* (Swartbas Apiesdoring) en *A. nigrescens* (Knoppiesdoring) die beste en na die skrywer se beskeie mening in elk geval die beste kandidate vir bonsai in die algemeen.

Laastens, is daar uiteenlopende menings omtrent die hoeveelheid sambrele per boom by 'n enkele boom, tweestam boom of groep, maar die meester, Pierneef self, werp al hierdie teorieë omver met sy olieverf skildery van 1951 getitel "Bosveld, Wildtuin (65 x 85 cm). Hierdie skildery is opgeneem in 'n privaat versameling (Sien die tydskrif Lantern Oktober 1986:37.) In hierdie skildery kom bome in 'n groep met verskeie en enkele sambrele per boom voor sowel as alleenstaande bome met enkele of verskeie sambrele.

Vir die doeleindes van my groepsaanplanting of demonstrasie word gebruik gemaak van 'n hoofboom met verskeie sambrele, 'n sekondêre boom met net een sambreel en drie klein boompies met enkel sambrele.

Waar's Oom Pierneef nou
Sou hy van ons bonsai sê:
"Skeppings fyn en fraai"?